

Baviaans wil met water boer

waterprojekte

Maak dalk meer geld as hulle die bron aan ander verskaf

MARISKA SPOORMAKER

Port Elizabeth

As daar te min water vir almal is om lonend te kan boer, moet hulle maar eerder met hoë gehalte en volhoubare watervoorsiening boer.

Dit, in 'n neutedop, is van die planne wat nou in die oudste boerderygedeelte van die Baviaanskloof bedink word om die 12 boerse waterpenarie in 'n moontlike geleentheid om te skep.

Reënval het die afgelope paar jaar drasties in dié gebied afge neem, die ondergrondse waterbronne is byna uitgeput én die meeste vleilande (wat as waterspens water bly vrystel) is ook al vernietig.

Met dit in ag genome mag dit oorambisius klink om met watervoorsiening te wil boer, maar volgens mnr. Pieter Kruger, 'n boer in die Baviaanskloof, lê die geheim in 1998 se waterwet. Dit bevat twee baie belangrike bepalings vir die Baviaanskloof-boere:

■ Dat diegene wat wel gebruikreg van water het, dit aan 'n ander kan verkoop, en

■ Dat diegene wat die ekosisteme in 'n bepaalde opvangsgebied só bestuur dat hoëgehalte water maksimaal kan vloei na die gebiede waar dit nodig is, daarvoor ver paid kan word.

Inligting wat kan bydra tot die implementering van die waterwet binne die Baviaanskloof-Kougagedied, word reeds deur die siviele raadgewende ingenieurs Jeffares & Green in opdrag van die Waternavorsingsraad gedoen.



Oplossings word ontwikkel vir die kwynende waterbronne van die boederygedeelte wat oor 70 km in die Baviaanskloof strek. Een is om met gehalte-watervoorsiening te boer. Foto: MARISKA SPOORMAKER

Die uiteindelijke doel is die totstandkoming van opvangsgebiedekomitees.

Die Baviaanskloof-boerderygebied en sy naasgeleë Wildernisgebied is 'n belangrike deel van die opvangsgebied van die Kougadam, wat op sy beurt weer water aan die boere in die Gamtoosvallei en die Nelson Mandela Metropool verskaf.

“Die voordele wat die Baviaanskloof-rehabilitasie vir die Kouga-

dam inhou, is onder meer verminderde slikinhoud van water wat die dam invloei, verbeterde watergehalte en effektiewe vloedbeheer,” het Kruger gesê.

Dié ekstra water sal baie welkom wees in die Gamtoosvallei aan die ander kant van die Kougadam, waar intense verbouing van sitrus, vrugte en groente is en die boere baie afhanklik van besproeiingswater is. Tog lyk dit asof dinge kan lol as die boere besluit om ook

hul waterregte te verkoop.

“Enige ekstra water wat ons vir die boere van die Gamtoosvallei kan koop, sal onderhandelbaar wees en ek is seker Port Elizabeth sal dieselfde sê. Die groot ding is net: die hoeveelheid water wat deur hierdie nuwe boerderypraktyk beskikbaar gestel kan word, sal meetbaar moet wees,” het mnr. Pierre Joubert, hoofbestuurder van die Gamtoos-besproeiingsraad op Patensie, uitgewys.

◆ Die aanplant van spekbome teen die berghellings om die natuurlike plantdigtheid van die veld te herstel. Op sy beurt help dit ook met die vermindering van waterafloop; bekamp erosie en kanselleer koolstuurgas uit. Buitelandse maatskappye wat hul koolstofvoetspoor wil verklein, finansier dié projek.

◆ Die rehabilitasie van die vernielde alluviale waaiers van syklowe wat by die Baviaanskloofrivier en -vloedvlakte aansluit. Dit sal help om die natuurlike vloei patroon van die rivierstelsel te herstel en veral die grondwatervlak help aanvul. (Met behulp van beperkte finansiering van die Nederlandse regering is daar al met 'n paar aanvangsprojekte begin.)

◆ Rehabilitasie aan die hoofstroom van die rivier is daarop gemik om eerstens die vloeitempo van die rivier te verlaag en daardeur erosie binne die rivierbedding te bekamp. Erosie binne die rivierbedding het die afgelope dertig jaar veroorsaak dat vleilande hulself doodgebloeie en die watertafel van die rivier geweldig gedaal het. ('n Aansoek om finansiering van dié projek is by die departement waterwese se Werk Vir Vleilande-projekte ingedien.)

■ Presence, 'n Nederlandse omgewingsbewaringsgroep, is verantwoordelik vir die koördinerende en skakeling tussen die rolspelers en projekte. Die groep moet ook alle inligting oor die gevolgtrekkings van die studies aan die Baviaanskloofgemeenskap deurgee.

landbou

Die bekendmaking van Jeffares & Green se navorsing oor die implementering van die waterwet in die Baviaanskloof-Kougapvangsgebied, sal grondgebruikers help om beter ingeligte besluite oor toekomstige grondgebruik binne die Baviaanskloof-boer-

- derygebied te neem.
- Verder wil dit voorkom of landbouers in die toekoms dalk soveel uit ekosisteme-dienste (in opvangsgebiede) en die verkoop van koolstof-krediete kan verdien dat hulle minder afhanklik van landbouproduksie as hoof-ekonomiese aktiwiteit kan raak.